WEEK 14 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

1. ALGEMEEN:

UV EN TEOLOGIE OPEDAG – 13 MEI 2017: **Gemeentes, neem asseblief kennis van hierdie geleentheid, plaas die inligting in julle afkondigings:** Alle graad 11 en 12 leerders en hul ouers word hartlik uitgenooi na die UV se opedag op 13 Mei 2017. In die volgende paar jaar gaan daar baie werksgeleenthede vir jong predikante ontstaan. Kom vind meer uit oor Teologiese studie en beroepsmoontlikhede, vanaf 08:30 in die Callie Humansentrum en 10:30 in die Teologiegebou. Vir navrae kontak ds Marlene Oosthuizen by moosthuizen@ufs.ac.za

RETREAT VIR VRYSTAAT LERAARS TE VOLMOED: Die Spiritualiteits-Netwerk nooi leraars van die NG Kerk Vrystaat uit na 'n retreat te Volmoed (naby Hermanus), onder leiding van John de Gruchy. Hulle beoog om altesaam 13 persone op retreat te neem en **daar is nog plek vir vyf leraars, dus moet julle vinnig spring om plek te bespreek!**

"Volmoed… a place of healing"

Datum:	3 tot 7 Julie 2017
Koste:	R1 500pp (vervoer, verblyf en ete's ingesluit)
Vervoer:	Bussie vanaf Bloemfontein en terug
Inskrywing:	Sluit einde Mei 2017
Betaling:	NG Kerk OVS, ABSA reknr 470 000 406 (**Verwysing: Voorletters+Van+Volmoed)**
Navrae:	Robbie du Toit (084 401 6117) en Barnard Steyn (082 842 7028)

JUBELJAAR FOTOBOEK: Die fotoboek, *NG Kerk Familie Vrystaat – 150 Jaar*, is steeds beskikbaar teen die verlaagde prys van R100 per kopie. Kontak vir Christelle by die Sinodale Kantoor op 051 406 6700, of stuur 'n e-pos aan kerkkantoor@ngkvs.co.za, indien jy hierdie pragboek wil bestel.



Voorblad van Fotoboek

Agterblad van Fotoboek

2. GEBEURE BY GEMEENTES:

NG FAUNA SE GHOLFDAG: Hierdie geleentheid wat op 22 April sou plaasvind, is as gevolg van die gebedsbyeenkoms in Bloemfontein, uitgestel:

NG SMITHFIELD:

3. ANDER GEBEURE:

ESPERANZA JEUGSORGSENTRUM KOFFIE-SHOP: Hierdie sentrum, geleë te Scrivenlaan, Bainsvlei (GPS 29,0044 / 26,0646), bied op **Sondag 7 Mei 2017 vanaf 12:00 – 15:00** weer 'n heerlike kuiergeleentheid aan. Daar sal kerrie & rys @ R30pp, hotdogs @ R20pp en tee/koffie @ R10pp beskikbaar wees – **bestel asseblief u keuse vooraf** by Tracy, 083 696 2054. Indien jy eerder lus voel vir 'n lekker soetdingetjie, kan die volgende items ook vooraf bestel word:

- Cremoratert @ R20
- Melktert @ R20
- Pepperminttert @ R20
- Koeldranke @ R10 per glas (Coke, Coke light, Fanta, Sprite, Sprite zero)
- Daar is ook 'n snoepie beskikbaar

Die volgende items kan weekliks bestel word (bestel op 'n Woensdag vir Vrydag – word vars gebak):

- Cup cakes
- Klein melktertjies
- Klein cremoratertjies
- Koeksisters

SIMPOSIUM OOR NAVORSING IN GELOOFSONTWIKKELING EN JEUGBEDIENING – UITNODIGING: Prof Malan Nel stuur die volgende inligting aan: *As you may know well, the International Association for the Study of Youth Ministry meets every second year. It has also become custom that we in South Africa have a Southern African meeting concerning youth ministry in the same year as the International meeting. Such a meeting is being planned for this year again* ***from 12 to 13 September 2017 at the University of Pretoria***. Die inligting is in Engels aangesien die uitnodiging ook tot ander Afrika-lande gerig word. Klik **hier** vir al die besonderhede **– indien jy sou belangstel om dit by te woon, voltooi asseblief die inligting by punt 7 op die inligtingsdokument en stuur dit terug aan prof Nel.**